# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 444 | Cape Town, Kaapstad, | 3 June Junie 2002 | **No. 23479**


**THE PRESIDENCY**

No. 769 3 June 2002

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**No. 6 of 2002: Animal Identification Act, 2002.**

**DIE PRESIDENSIE**

No. 769 3 Junie 2002

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**No. 6 van 2002: Wet op die Identifikasie van Diere, 2002.**


9 771682 584003 23479



**AIDS HELPLINE: 0800-123-22 Prevention is the cure**

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 29 May 2002.)*

# ACT

**To consolidate the law relating to the identification of animals and to provide for incidental matters.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Definitions**

**1.** In this Act, unless the context indicates otherwise—

"**animal**" means any animal declared by the Minister in terms of section 2;

"**authorised person**" means any person, other than an officer, who has been authorised by the registrar under section 3(3) to carry out a specific function in terms of this Act;

"**cancel**", in relation to an identification mark, means any interference whereby that identification mark is rendered illegible or less legible;

"**document of identification**" means a document of identification referred to in section 6(1) of the Stock Theft Act, 1959 (Act No. 57 of 1959);

"**group**" in relation to animals, means a species, breed or kind of animal;

"**identification mark**" means any registered mark registered in terms of section 5(2) and placed on any animal for any purpose, and includes any representation of a mark intended to be placed on any animals, as the circumstances may require, but does not include any—

*(a)* mark made or placed on the horn or hoof;

*(b)* mark made with paint on any animal;

*(c)* clasp, rivet or tag attached to the ear, or any mark made on such clasp, rivet or tag; or

*(d)* notch or hole;

"**mark**" means to place an identification mark on any animal;

"**marking instrument**" means any instrument used or intended to be used for marking animals;

"**marking operator**" means a person registered in terms of section 11 to mark animals;

"**Minister**" means the Minister of Agriculture;

"**officer**" means an officer as defined in section 1(1) of the Public Service Act, 1994 (Proclamation No. 103 of 1994), read with section 1 of the Public Service Amendment Act, 1996 (Act No. 13 of 1996);

"**owner**", in relation to any registered identification mark, means the person or, in the case of the State, the Department in whose name such identification mark is registered;

"**police official**", means any member of the service as defined in section 1 of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995), and "**police**" has a corresponding meaning;

"**prescribed**" means prescribed by regulation;

"**registered**" means registered in terms of this Act, and "**registration**" has a corresponding meaning;

"**registrar**" means the officer designated as Registrar of Animal Identification in terms of section 3;

"**sale**", includes an agreement to sell, and any offer, advertisement, exposure, transfer of ownership, conveyance or delivery for sale, exchange or disposal in any

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 29 Mei 2002.)*

# WET

**Om die wette met betrekking tot die identifikasie van diere te konsolideer en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"**beampte**" 'n beampte soos omskryf in artikel 1(1) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994), saamgelees met artikel 1 van die Staatsdienswysigingswet, 1996 (Wet No. 13 van 1996);

"**dier**" enige dier wat deur die Minister ingevolge artikel 2 verklaar is;

"**eienaar**", met betrekking tot enige geregistreerde identifikasiemerk, die persoon of, in die geval van die Staat, die Departement, in wie se naam dié identifikasiemerk geregistreer is;

"**gemagtigde persoon**" enige persoon, behalwe 'n beampte, wat kragtens artikel 3(3) deur die registrateur gemagtig is om 'n spesifieke werksaamheid ingevolge hierdie Wet uit te voer;

"**geregistreer**" geregistreer ingevolge hierdie Wet, en het "**registrasie**" 'n ooreenstemmende betekenis;

"**groep**", met betrekking tot diere, enige spesie, ras of soort dier;

"**hierdie Wet**" ook enige regulasies wat kragtens artikel 18 uitgevaardig is;

"**identifikasiedokument**" enige identifikasiedokument bedoel in artikel 6(1) van die Wet op Veediefstal, 1959 (Wet No. 57 van 1959);

"**identifikasiemerk**" enige merk wat geregistreer is ingevolge artikel 5(2) en op 'n dier aangebring is vir enige doel, en ook enige voorstelling van 'n merk wat bedoel is om op diere aangebring te word, na gelang van die omstandighede, maar nie enige—

*(a)* merk wat op die horing of hoef gemaak of aangebring is nie;

*(b)* merk wat met verf op 'n dier aangebring is nie;

*(c)* knip, klinknael of plaatjie wat aan die oor vasgeheg is of enige merk wat op so 'n knip, klinknael of plaatjie aangebring is nie; of

*(d)* keep of gaatjie;

"**merk**" om 'n identifikasiemerk op 'n dier aan te bring;

"**merkinstrument**" enige instrument wat gebruik word of bestem is om gebruik te word om diere te merk;

"**merkoperateur**" enige persoon wat ingevolge artikel 11 geregistreer is om diere te merk;

"**Minister**" die Minister van Landbou;

"**polisiebeampte**" enige lid van die diens soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995), en het "**polisie**" 'n ooreenstemmende betekenis;

"**registrateur**" die beampte wat ingevolge artikel 3 aangewys is as die Registrateur van Diere-identifikasie;

"**rojeer**", met betrekking tot 'n identifikasiemerk, enige inmenging waardeur daardie identifikasiemerk onleesbaar of minder leesbaar gemaak word;

"**verkoping**" ook 'n ooreenkoms om te verkoop en enige aanbod, advertensie, blootstelling, oordrag van eiendomsreg, vervoer of aflewerings vir verkoop, ruil of beskikking op enige wyse, hetsy vir vergoeding of andersins, en het "**verkoop**" 'n ooreenstemmende betekenis;

"**voorgeskryf**" voorgeskryf by regulasie.

manner, whether for any consideration or otherwise, and "**sell**" has a corresponding meaning;
"**this Act**" includes any regulations made under section 18.

**Application of Act**

**2.** This Act applies—
*(a)* in respect of the animals declared by the Minister by notice in the *Gazette*; and
*(b)* to the whole of the national territory of the Republic of South Africa.

**Designation of registrar**

**3.** (1) The Minister must designate an officer in the national Department of Agriculture as the Registrar of Animal Identification, who must exercise the powers, perform the functions and carry out the duties conferred upon, assigned to or imposed on the registrar under this Act.

(2) The registrar must exercise his or her powers, perform his or her functions and carry out his or her duties subject to any instruction issued by the Minister.

(3) The registrar may in writing authorise any officer or, with the approval of the Minister, authorise any person who is not an officer, to perform any function entrusted to him or her in terms of this Act.

**Identification marks**

**4.** The Minister must prescribe identification marks in respect of each group of animals to which marks may be allocated in terms of section 5.

**Application for registration of identification mark**

**5.** (1) An application for registration of an identification mark must be made to the registrar in the prescribed manner and be accompanied by the prescribed fee.

(2) If the application complies with the requirements of this Act the registrar must—
*(a)* allocate an identification mark to the applicant;
*(b)* register such identification mark in the applicant's name; and
*(c)* issue to the applicant a certificate of registration of that identification mark.

**Register of identification marks**

**6.** The registrar must in the prescribed manner keep a register of all identification marks prescribed by the Minister in terms of section 4.

**Duties of owners of animals**

**7.** (1) Each owner of animals must—
*(a)* apply for registration of an identification mark in terms of section 5(1);
*(b)* mark his or her animals in the prescribed manner;
*(c)* where an identification mark on an animal is invisible or indistinct, mark the animal clearly with his or her identification mark, within 14 days after he or she is directed to do so by the registrar, an authorised person, an officer or a police official; and
*(d)* notify the registrar in writing of any changes of his or her address.

(2) No person may—
*(a)* within 14 days of the date on which he or she becomes the owner of an animal with an identification mark, sell, barter, give away or in any other manner dispose of that animal to another person, unless he or she furnishes a document of identification to the person who acquires that animal; or
*(b)* after 14 days of the date on which he or she becomes the owner of an animal, sell, barter, give away or in any other manner dispose of that animal unless—
(i) such animal has been marked in the prescribed manner with the identification mark of the owner disposing of that animal; and

**Toepassing van Wet**

**2.** Hierdie Wet is van toepassing—

*(a)* ten opsigte van die diere wat deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar is; en

*(b)* op die hele nasionale grondgebied van die Republiek van Suid-Afrika.

**Aanwysing van registrateur**

**3.** (1) Die Minister moet 'n beampte in die nasionale Departement van Landbou aanwys as die Registrateur van Diere-identifikasie, en die registrateur moet die bevoegdhede uitoefen, die werksaamhede verrig en die pligte uitvoer wat kragtens hierdie Wet aan die registrateur verleen, toegewys of opgelê is.

(2) Die registrateur moet sy of haar bevoegdhede uitoefen, sy of haar werksaamhede verrig en sy of haar pligte uitvoer onderworpe aan enige instruksie deur die Minister uitgereik.

(3) Die registrateur kan enige beampte skriftelik magtig of, met die goedkeuring van die Minister, enige persoon wat nie 'n beampte is nie, magtig om enige werksaamheid wat ingevolge hierdie Wet aan hom of haar opgedra is, te verrig.

**Identifikasiemerke**

**4.** Die Minister moet identifikasiemerke voorskryf ten opsigte van elke groep diere waaraan merke ingevolge artikel 5 toegeken kan word.

**Aansoek om registrasie van identifikasiemerk**

**5.** (1) 'n Aansoek om registrasie van 'n identifikasiemerk moet by die registrateur gedoen word op die voorgeskrewe wyse en moet vergesel gaan van die voorgeskrewe geld.

(2) Indien die aansoek voldoen aan die vereistes van hierdie Wet moet die registrateur—

*(a)* 'n identifikasiemerk aan die applikant toeken;

*(b)* die identifikasiemerk in die applikant se naam registreer; en

*(c)* aan die applikant 'n registrasiesertifikaat van daardie identifikasiemerk uitreik.

**Register van identifikasiemerke**

**6.** Die registrateur moet op die voorgeskrewe wyse 'n register byhou van al die identifikasiemerke wat ingevolge artikel 4 deur die Minister voorgeskryf is.

**Pligte van eienaars van diere**

**7.** (1) Elke eienaar van diere moet—

*(a)* ingevolge artikel 5(1) aansoek doen om registrasie van 'n identifikasiemerk;

*(b)* sy of haar diere op die voorgeskrewe wyse merk;

*(c)* waar 'n identifikasiemerk op 'n dier onsigbaar of onduidelik is, die dier duidelik merk met sy of haar identifikasiemerk, binne 14 dae nadat hy of sy deur die registrateur, 'n gemagtigde persoon, 'n beampte of 'n polisiebeampte gelas is om dit te doen; en

*(d)* die registrateur skriftelik in kennis stel van enige verandering van sy of haar adres.

(2) Niemand mag—

*(a)* binne 14 dae na die datum waarop hy of sy die eienaar word van 'n dier met 'n identifikasiemerk, daardie dier verkoop, ruil, weggee of op enige ander wyse daaroor beskik aan 'n ander persoon nie, tensy hy of sy aan die persoon wat daardie dier verkry 'n identifikasiedokument verskaf; of

*(b)* na 14 dae vanaf die datum waarop hy of sy die eienaar van 'n dier word, daardie dier verkoop, ruil, weggee of op enige ander wyse daaroor beskik nie, tensy—

(i) sodanige dier op die voorgeskrewe wyse gemerk is met die identifikasiemerk van die eienaar wat daardie dier van die hand sit; en

(ii) he or she furnishes the person acquiring that animal with a document of identification.

(3) A person acquiring an animal from a person disposing of an animal as contemplated in subsection (2) must retain the document of identification obtained from that person for a period of one year.

**Alternative methods of identification**

**8.** (1) An owner may, in the prescribed manner, apply for an alternative method of identification.

(2) The registrar may specify alternative methods of identification by notice in the *Gazette*.

**Transfer of registration of identification marks**

**9.** Any owner of an animal may apply in the prescribed manner to the registrar for the transfer of the registration of an identification mark from the name of any other person to his or her name.

**Fees payable in respect of registration of identification marks**

**10.** The registrar may not transfer the registration of any identification mark contemplated in section 9 unless the prescribed fee referred to in section 5(1) has been paid.

**Registration of marking operators**

**11.** (1) *(a)* Any person who wants to mark animals other than his or her own animals for financial gain must apply in the prescribed manner to the registrar for registration as a marking operator, and pay the prescribed fee.

*(b)* If the applicant complies with the prescribed requirements, the registrar must register him or her as a marking operator.

*(c)* A marking operator must in the prescribed manner keep a register of animals marked by him or her.

(2) The registrar must in the prescribed manner keep a register of marking operators.

**Powers of entry, investigation and seizure**

**12.** (1) The registrar may appoint any officer, or, with the approval of the Minister, any person who is not an officer, as an inspector to exercise the powers and perform the functions referred to in subsection (4).

(2) Every inspector must be furnished with a certificate signed by the registrar stating that he or she has been appointed as inspector under this Act.

(3) An inspector must, at the request of any person affected by the exercise of a power or performance of a function by such an inspector, exhibit the certificate referred to in subsection (2) to such a person.

(4) An inspector may, on the authority of a warrant issued in terms of subsection (5), conduct an investigation to determine whether the provisions of this Act are being or have been complied with, and may, for that purpose during normal office hours and without giving prior notice—

*(a)* enter upon any place, premises or conveyance in or upon which any animal, carcass or hide of any animal, or marking instrument or other instrument for marking animals, or any certificate or document, or register of marking operators in respect of which this Act applies, is or is upon reasonable grounds suspected to be;

*(b)* clip or otherwise remove hair from any such animal, carcass or hide in order to facilitate examination for identification marks; and

*(c)* seize any animal or object found in respect of which he or she has reason to suspect that this Act has been contravened.

(5) *(a)* A warrant referred to in subsection (4) must be issued by a magistrate who has jurisdiction in the area in which the place or facility in question is situated, and may only be issued if it appears from information on oath that there are reasonable grounds to

(ii) hy of sy aan die persoon wat daardie dier verkry 'n identifikasiedokument verskaf.

(3) 'n Persoon wat 'n dier verkry van 'n persoon wat oor 'n dier beskik soos beoog in subartikel (2) moet die identifikasiedokument wat hy of sy van daardie persoon ontvang het vir 'n tydperk van een jaar hou.

**Alternatiewe metodes van identifikasie**

**8.** (1) 'n Eienaar kan op die voorgeskrewe wyse aansoek doen om 'n alternatiewe identifikasiemetode.

(2) Die registrateur kan alternatiewe identifikasiemetodes by kennisgewing in die *Staatskoerant* spesifiseer.

**Oordrag van registrasie van identifikasiemerke**

**9.** 'n Eienaar van 'n dier kan op die voorgeskrewe wyse by die registrateur aansoek doen om die oordrag van die registrasie van 'n identifikasiemerk vanaf die naam van enige ander persoon na sy of haar naam.

**Gelde betaalbaar ten opsigte van registrasie van identifikasiemerke**

**10.** Die registrateur mag nie die registrasie van 'n identifikasiemerk beoog in artikel 9 oordra tensy die voorgeskrewe geld bedoel in artikel 5(1) betaal is nie.

**Registrasie van merkoperateurs**

**11.** (1) *(a)* Enige persoon wat diere, behalwe sy of haar eie diere, vir finansiële gewin wil merk, moet op die voorgeskrewe wyse by die registrateur om registrasie as 'n merkoperateur aansoek doen en die voorgeskrewe geld betaal.

*(b)* Indien die applikant aan die voorgeskrewe vereistes voldoen, moet die registrateur hom of haar as 'n merkoperateur registreer.

*(c)* 'n Merkoperateur moet 'n register van diere wat deur hom of haar gemerk is op die voorgeskrewe wyse byhou.

(2) Die registrateur moet 'n register van merkoperateurs op die voorgeskrewe wyse byhou.

**Bevoegdhede van betreding, ondersoek en beslaglegging**

**12.** (1) Die registrateur kan enige beampte, of, met die goedkeuring van die Minister, enige ander persoon wat nie 'n beampte is nie, aanstel as 'n inspekteur om die bevoegdhede en werksaamhede bedoel in subartikel (4) uit te oefen en te verrig.

(2) Elke inspekteur moet voorsien word van 'n sertifikaat wat deur die registrateur onderteken is en wat verklaar dat hy of sy kragtens hierdie Wet as inspekteur aangestel is.

(3) 'n Inspekteur moet, op versoek van enige persoon wat geraak word deur die uitoefening van 'n bevoegdheid of verrigting van 'n werksaamheid deur sodanige inspekteur, die sertifikaat bedoel in subartikel (2) aan so 'n persoon vertoon.

(4) 'n Inspekteur kan, op die gesag van 'n lasbrief wat uitgereik is ingevolge subartikel (5), 'n ondersoek instel ten einde te bepaal of die bepalings van hierdie Wet nagekom word of nagekom is en kan vir daardie doel gedurende gewone kantoorure en sonder om vooraf kennis te gee—

*(a)* enige plek, perseel of vervoermiddel betree waarin of waarop enige dier, karkas of vel van enige dier, of merkinstrument of ander instrument vir die merk van diere, of enige sertifikaat of dokument, of register van merkoperateurs ten opsigte waarvan hierdie Wet van toepassing is, is of op redelike gronde vermoed word te wees;

*(b)* hare van sodanige dier, karkas of vel afknip of andersins verwyder ten einde die ondersoek na identifikasiemerke te vergemaklik; en

*(c)* beslag lê op enige dier of voorwerp wat gevind word ten opsigte waarvan hy of sy rede het om te vermoed dat hierdie Wet oortree is.

(5) *(a)* 'n Lasbrief bedoel in subartikel (4) moet uitgereik word deur 'n landdros wat jurisdiksie het in die gebied waarin die betrokke plek of fasiliteit geleë is, en mag slegs uitgereik word as dit uit inligting onder eed blyk dat daar redelike gronde is om te glo dat

believe that any material, substance, appliance, book, statement or document that may relate to a contravention of this Act is in or upon such place or facility.

*(b)* A warrant issued in terms of this section must be executed with strict regard to decency and order.

(6) *(a)* If no criminal proceedings are instituted in connection with any item referred to in subsection (5)*(a)*, seized in terms of subsection (4), or if it appears that such item is not required at any trial for the purpose of evidence or an order of court, that item must be returned as soon as possible to the person from whom it was seized.

*(b)* After the conclusion of criminal proceedings any item seized in terms of subsection (4) and which served as an exhibit in proceedings in which a person was convicted, must be handed over to the inspector to be destroyed or otherwise dealt with as instructed by the registrar.

**Appeal against decision of registrar**

**13.** A person whose interests are affected by any decision or direction of the registrar may, within the period and in the manner prescribed and upon payment of the prescribed fees, appeal to the Minister against such decision.

**Duties and powers of pound master**

**14.** If any animal bearing an identification mark is impounded, the pound master must follow the prescribed procedures.

**Prohibited marking of animals**

**15.** (1) No person may—

*(a)* mark or allow an animal to be marked with a mark which is not an identification mark;

*(b)* mark or allow an animal to be marked with an identification mark without the authorisation of the owner of such identification mark;

*(c)* mark or allow an animal to be marked with an identification mark otherwise than in the prescribed manner;

*(d)* mark or allow an animal to be marked with an identification mark which is registered in the name of a person who is not the owner of the animal;

*(e)* mark or allow an animal to be marked with an identification mark which is not a prescribed identification mark in respect of the group to which the animal belongs; or

*(f)* use more than one identification mark in respect of the same group of animals, unless the registration of all the identification marks was obtained in terms of this Act.

(2) Paragraphs *(a)*, *(c)* and *(e)* of subsection (1) do not apply in respect of—

*(a)* the marking of animals in accordance with the rules or by-laws of an animal breeders' society or registering authority as defined in section 1 of the Animal Improvement Act, 1998 (Act No. 62 of 1998); or

*(b)* the marking by the breeder thereof, of an animal which has been registered or recorded, as the case may be, with the South African Stud Book and Livestock Improvement Association.

**Offences**

**16.** Any person who—

*(a)* is a marking operator and who fails to keep a register in terms of section 11(1)*(c)*;

*(b)* has in his or her possession an animal marked not in accordance with or in a manner allowed by this Act;

*(c)* alters, mutilates or cancels an identification mark on an animal;

*(d)* sells to any person an animal on which an identification mark has been altered, mutilated or cancelled;

*(e)* sells to any person an animal of which an ear has been cut off;

enige materiaal, stof, toestel, boek, verklaring of dokument wat betrekking mag hê op 'n oortreding van hierdie Wet, op of in sodanige plek of fasiliteit is.

*(b)* 'n Lasbrief wat ingevolge hierdie artikel uitgereik word, moet ten uitvoer gelê word met streng inagneming van welvoeglikheid en orde.

(6) *(a)* Indien geen strafregtelike verrigtinge ingestel word in verband met enige item bedoel in subartikel (5)*(a)* waarop kragtens subartikel (4) beslag gelê is nie, of as dit blyk dat sodanige item nie vereis word by enige verhoor vir doeleindes van getuienis of 'n hofbevel nie, moet daardie item onmiddellik teruggegee word aan die persoon van wie daarop geslag gelê is.

*(b)* Na die afloop van strafregtelike verrigtinge moet enige item waarop ingevolge subartikel (4) beslag gelê is en wat gedien het as 'n bewysstuk in verrigtinge waarin 'n persoon gevonnis is, aan die inspekteur oorhandig word om vernietig te word of anders mee gehandel te word soos deur die registrateur gelas.

**Appèl teen beslissing van registrateur**

**13.** 'n Persoon wie se belange geraak word deur 'n beslissing of opdrag van die registrateur kan teen so 'n beslissing na die Minister appelleer binne die voorgeskrewe tydperk en op die voorgeskrewe wyse en by betaling van die voorgeskrewe gelde.

**Pligte en bevoegdhede van skutmeester**

**14.** Indien enige dier met 'n identifikasiemerk daarop geskut word, moet die skutmeester die voorgeskrewe prosedure volg.

**Verbode merk van diere**

**15.** (1) Niemand mag—

*(a)* 'n dier merk of toelaat dat dit gemerk word met 'n merk wat nie 'n identifikasiemerk is nie;

*(b)* 'n dier merk of toelaat dat dit gemerk word met 'n identifikasiemerk sonder magtiging van die eienaar van sodanige identifikasiemerk nie;

*(c)* 'n dier merk of toelaat dat dit gemerk word met 'n identifikasiemerk anders as op die voorgeskrewe wyse nie;

*(d)* 'n dier merk of toelaat dat dit gemerk word met 'n identifikasiemerk wat geregistreer is in die naam van 'n persoon wat nie die eienaar van die dier is nie;

*(e)* 'n dier merk of toelaat dat dit gemerk word met 'n identifikasiemerk wat nie 'n voorgeskrewe identifikasiemerk is ten opsigte van die groep waartoe die dier behoort nie; of

*(f)* meer as een identifikasiemerk gebruik ten opsigte van dieselfde groep diere nie, tensy die registrasie van al die identifikasiemerke ingevolge hierdie Wet verkry is.

(2) Paragrawe *(a)*, *(c)* en *(e)* van subartikel (1) is nie van toepassing nie ten opsigte van—

*(a)* die merk van diere in ooreenstemming met die reëls of bywette van 'n dieretelersgenootskap of registrerende owerheid soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Diereverbetering, 1998 (Wet No. 62 van 1998); of

*(b)* die merk deur die teler van 'n dier wat geregistreer of aangeteken is, na gelang van die geval, by die Suid-Afrikaanse Stamboek- en Veeverbeteringsvereniging.

**Misdrywe**

**16.** Iemand wat—

*(a)* 'n merkoperateur is en nalaat om 'n register ingevolge artikel 11(1)*(c)* by te hou;

*(b)* in sy of haar besit het 'n dier wat gemerk is nie in ooreenstemming met, of op 'n wyse toegelaat deur, hierdie Wet nie;

*(c)* 'n identifikasiemerk op 'n dier verander, skend of rojeer;

*(d)* aan enige persoon 'n dier verkoop waarop 'n identifikasiemerk verander, geskend of gerojeer is;

*(e)* aan enige persoon 'n dier waarvan 'n oor afgesny is, verkoop;

(*f*) hinders or obstructs an officer or an authorised person or a police official in the execution of his or her duties or the exercise of his or her powers under this Act;
(*g*) fails or refuses to produce, when required in terms of this Act by the registrar or a police official to do so, any livestock or other thing in his or her possession or under his or her control;
(*h*) alters a certificate issued in terms of section 5(2)*(c)*;
(*i*) fails to comply with or contravenes any provision of section 7;
(*j*) in any application made in terms of this Act, makes or causes to be made a statement which is false;
(*k*) falsely holds himself or herself out to be the registrar or an authorised person; or
(*l*) marks animals for financial gain without being registered as a marking operator,

is guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and such imprisonment.

### Evidence

**17.** In any legal proceedings a certificate or computer printout purporting to have been issued by the registrar regarding the registration, or the transfer or cancellation of the registration, of an identification mark in terms of this Act, or the ownership of an identification mark, or any other particulars contained in the register, shall upon production in such proceedings be *prima facie* proof of the facts stated in it.

### Regulations

**18.** (1) The Minister may make regulations regarding—
(*a*) the size, shape, pattern and composition of identification marks;
(*b*) the size, shape and construction of marking instruments;
(*c*) the age which animals must have attained before they must be marked;
(*d*) the manner in which, the parts on which and the material with which animals shall or may not be marked;
(*e*) the conditions on which an owner of animals may obtain the registration of more than one identification mark in respect of the same group of animals; and
(*f*) any matter that may or must be prescribed in terms of this Act.

(2) The Minister may make different regulations in respect of different kinds of identification marks, different groups of animals and different areas.

### Brands provided for in other laws

**19.** The provisions of this Act are in addition to and not in substitution for the provisions of any other law.

### Delegation of powers by Minister

**20.** The Minister may delegate to any officer of the national Department of Agriculture any of the powers conferred upon him or her by this Act, except the powers conferred by sections 18 and 21.

### Exemption of certain areas and animals from provisions of Act

**21.** The Minister may from time to time by notice in the *Gazette* declare that certain provisions of this Act shall not apply in any area defined in such notice, or in respect of any group or type of animal specified therein.

### Repeal of laws and savings

**22.** (1) Subject to subsection (2) this Act repeals—
(*a*) the Acts in the Schedule; and

*(f)* 'n beampte of 'n gemagtigde persoon of 'n polisiebeampte in die uitvoering van sy of haar pligte of in die uitoefening van sy of haar bevoegdhede kragtens hierdie Wet, hinder of belemmer;

*(g)* nalaat of weier om enige lewende hawe of ander ding in sy of haar besit of onder sy of haar beheer te toon wanneer die registrateur of 'n polisiebeampte ingevolge hierdie Wet eis dat hy of sy dit moet doen;

*(h)* 'n sertifikaat wat ingevolge artikel 5(2)*(c)* uitgereik is, verander;

*(i)* versuim om aan enige bepaling van artikel 7 te voldoen of dit oortree;

*(j)* 'n verklaring wat vals is, maak of laat maak in enige aansoek wat ingevolge hierdie Wet gedoen word;

*(k)* homself of haarself valslik voordoen as die registrateur of 'n gemagtigde persoon; of

*(l)* diere vir finansiële gewin merk sonder om as 'n merkoperateur geregistreer te wees,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of met sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

**Getuienis**

**17.** In enige geding is 'n sertifkaat of rekenaaruitdruk wat deur die registrateur heet uitgedruk te wees betreffende die registrasie, of die oordrag of rojering van die registrasie, van 'n identifikasiemerk ingevolge hierdie Wet, of die eiendomsreg van 'n identifikasiemerk, of enige ander besonderhede vervat in die register by voorlegging daarvan in daardie geding, *prima facie*-bewys van die feite wat daarin vermeld is.

**Regulasies**

**18.** (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig betreffende—

*(a)* die grootte, vorm, patroon en samestelling van identifikasiemerke;

*(b)* die grootte, vorm en vervaardiging van merkinstrumente;

*(c)* die ouderdom wat diere moet bereik het voordat hulle gemerk moet word;

*(d)* die wyse waarop, die dele waarop en die materiaal waarmee diere gemerk moet word of nie gemerk mag word nie;

*(e)* die voorwaardes waarop 'n eienaar van diere die registrasie van meer as een identifikasiemerk ten opsigte van dieselfde groep diere kan verkry; en

*(f)* enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf kan of moet word.

(2) Die Minister kan verskillende regulasies ten opsigte van verskillende soorte identifikasiemerke, verskillende groepe diere en verskillende gebiede uitvaardig.

**Brandmerke in ander wette bepaal**

**19.** Die bepalings van hierdie Wet is bykomstig tot en nie ter vervanging van die bepalings van enige ander wet nie.

**Delegering van bevoegdhede deur Minister**

**20.** Die Minister kan enige van die bevoegdhede wat deur hierdie Wet aan hom of haar verleen is, behalwe die bevoegdhede verleen deur artikels 18 en 21, aan enige beampte van die nasionale Departement van Landbou delegeer.

**Vrystelling van sekere gebiede en diere van bepalings van Wet**

**21.** Die Minister kan van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar dat sekere bepalings van hierdie Wet nie van toepassing is nie, in 'n gebied in sodanige kennisgewing omskryf, of ten opsigte van 'n groep diere of soort dier daarin vermeld.

**Herroeping van wette, en voorbehoudsbepalings**

**22.** (1) Behoudens subartikel (2) herroep hierdie Wet—

*(a)* die Wette in die Bylae; en

*(b)* any law relating to Livestock Brands which applied in the territory of any entity which prior to the commencement of the Constitution of the Republic of South Africa, 1993 (Act No. 200 of 1993), possessed legislative authority with regard to the marking of animals.

(2) A brand allocated in terms of section 5(2) of the Livestock Brands Act, 1962 (Act No. 87 of 1962), which is in use immediately prior to the date of commencement of this Act is deemed to be an identification mark allocated in terms of section 5(2)*(a)*.

**Short title and commencement**

**23.** This Act is called the Animal Identification Act, 2002, and comes into operation on a date determined by the President by proclamation in the *Gazette*.

(*b*) enige wet met betrekking tot Veebrandmerke wat van toepassing was in die grondgebied van enige entiteit wat voor die inwerkingtreding van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet No. 200 van 1993), wetgewende bevoegdheid gehad het met betrekking tot die merk van diere.

(2) 'n Brandmerk wat toegeken is ingevolge artikel 5(2) van die Wet op Veebrandmerke, 1962 (Wet No. 87 van 1962), wat in gebruik is onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, word geag 'n identifikasiemerk te wees wat ingevolge artikel 5(2)(*a*) toegeken is.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**23.** Hierdie Wet heet die Wet op die Identifikasie van Diere, 2002, en tree in werking op 'n datum wat die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

## SCHEDULE

## LAWS REPEALED

| NO. AND YEAR OF LAW | TITLE OR SUBJECT |
|---|---|
| Act No. 87 of 1962 | Livestock Brands Act |
| Act No. 10 of 1973 | Livestock Brands Amendment Act |
| Act No. 10 of 1992 | Livestock Brands Amendment Act |

## BYLAE

## WETTE HERROEP

| NOMMER EN JAAR VAN WET | TITEL OF ONDERWERP |
|---|---|
| Wet No. 87 van 1962 | Wet op Veebrandmerke |
| Wet No. 10 van 1973 | Wysigingswet op Veebrandmerke |
| Wet No. 10 van 1992 | Wysigingswet op Veebrandmerke |

Printed by Creda Communications, Cape Town, for the Government Printer, Pretoria, Tel. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—5050
Gedruk deur Creda Communications, Kaapstad, vir die Staatsdrukker, Pretoria, Tel. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—5050